

Sing vooraf staande: Psalm 128:3, 4 (p. 627)

- 3 Soos jong olyfboomplante, / wat uitspruit sterk en fris,
so bloei aan alle kante / jou kinders om jou dis.
O wie van dié getal is, / hy wat die HERE vrees,
vir wie God een en al is – / hy sál geseënd wees.

Sing: *ons i.p.v. jy en jou*

- 4 Mag ryke seëninge / uit Sion jou bedou;
mag jy dié goeie dinge / van Sionstad aanskou!
mag jy nog, op jou bede, / 'n nakroosseen verkry!
En, God van alle vrede, / mag Isr'els vrede bly!

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 105:1, 2, 3 (p. 514)

- 1 Loof, loof die HEER van alle here! / Verhoog sy Naam en gee Hom ere,
en bring sover daar volke is, / sy daede in gedagtenis;
en spreek met aandag en ontsag / van al sy wonders, dag aan dag.
- 2 Laat almal juig met blye galme; / sing voor die HEER jul vreugdepsalme;
beroem jul in sy heil'ge Naam, / Laat almal wat Hom soek, nou saam
hul hart verenig tot sy eer / en hul verlustig in die HEER.
- 3 Vra na die HEER der leërmagte, / die HEER oneindig groot in kragte;
soek daeliks sy aangesig; / gedenk die werk deur Hom verrig,
die wonders deur sy hand gedaan, / en wil sy strawwe gadeslaan.

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Wet

Psalm 119:62, 63 (p. 598)

- 62 Help my, HEER! Ag, hoe verlang ek / en hoe sug ek diep en swaar
na die heil wat U belof het, / na u kennis wonderklaar!
Laat my leef; o HEER, dan loof ek! / Laat niks my die heil ontroof!
Laat u oordeel my tot hulp wees! / Laat my lewe om te loof!
- 63 HEER, ek is 'n skaap verlore, /in die wildernis verdwaal.
U, my HEER en Herder, bid ek / dat U my tog wil kom haal
Soek my, bring my weer, u dienaar / wat in al sy harteleed,
en in al sy teënhede, / u gebooie nie vergeet.

Gebed

Psalm 127:1, 2 (p. 624)

- 1 Laat bouers bou al wat hul kan – / vergeefs is alles wat hul bou,
as God sy hand daaraan onthou. / Vergeefs, o wagte, waak jul dan,
as God jul nie wil gadeslaan, / sy oog nie oor die stadswal gaan.
- 2 Vergeefs om voordag op te staan, / vergeefs die werk-uur lank gemeet
en brood van smart met smart geëet, / nadat die dag al is gedaan.
God gee, hoe ander ook mag raap, / dit sy bemindes in die slaap.

Skriflesing: Psalm 127

Kernverse: Psalm 127:2-3

**Tevergeefs dat julle vroeg opstaan, laat opbly, brood van smarte eet—
net so goed gee Hy dit aan sy beminde in die slaap! Kyk, seuns is 'n
erfdeel van die HERE; die vrug van die moederskoot is 'n beloning.
(Psalm 127:2-3 AFR53)**

Tema: Kenmerke van 'n Godvresende huisgesin (deel 1)

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, die Here seën ons as gemeente regtig bo verwagting met huisgesinne en huisgesinne wat aan die groei is met die geboortes van babatjies. Tans is hier veertig kinders van sewe jaar en jonger. Dit is bykans agt persent van die hele gemeente. Huisgesinne en huisgesinne met jong kinders is voorwaar 'n groot geskenk van die Here aan sy kerk. Gelowige huisgesinne is saam met enkelopende gelowiges die lewende boustene waarmee die Here vir Homself 'n geestelike huis bou om geestelike offers te bring wat deur Jesus Christus vir God aanneemlik is, soos Petrus skryf in 1 Petrus 2:5.

Eie aan die tyd waarin ons leef, wil elke jong ouerpaar soveel as moontlik te wete kom van hoe om hulle kinders groot te maak en hoe om 'n gelukkige en aangename huisgesin te vestig. En hulle word ook nie teleurgestel nie. Afgesien van die ontploffing van inligting op die internet, staan daar op elke boekwinkel se rakke meer as genoeg boeke wat hulle kan lees. En in elke gesinstydskrif is daar talle raadgevers vir jong ouers.

Hierdie oorfloed van inligting vir jong ouers op die internet en in verskeie boeke en tydskrifte hou verband met die tydstip waarin ons lewe. Oor die algemeen lyk die samestelling van ons gemeenskappe soveel anders as twintig en veertig jaar gelede. Destyds was families nog meer heg as wat dit vandag is. Ouer ouerpare was naby om by raad te vra. Vandag leef mense en huisgesinne baie meer afgesonder van die res van die familie en gemeenskap. Hierdie toedrag van sake is nie noodwendig verkeerd nie, maar dit veroorsaak dat jong ouers makliker raad in tydskrifte en boeke volg as wat hulle na die raad van ouer egpare in die familie luister. En daar is seker waardevolle raad in hierdie boeke en tydskrifte ook.

As Gereformeerde Christene is dit nou maar deel van ons DNS om eerste te vra: Maar gee die Here nie ook vir ons onderrig oor hoe om 'n gelukkige en aangename huisgesin te vestig nie? Inderdaad, die Here leer ons in sy Woord hoe 'n huisgesin lyk waarin Hy behaag het. Verlede Sondag het ons vanuit Deuteronomium 6 die groot verantwoordelikheid verneem wat ouers het in verband met die geloofsonderrig van hulle kinders. In aansluiting daarby wil ons vanoggend en volgende Sondag stilstaan by die kenmerke van 'n Godvresende huisgesin, soos wat die Here dit vir ons in Psalm 127 en 128 leer.

Hierdie twee psalms is deel van die reeks van vyftien psalms wat bekend staan as pelgrimsliedere. Pelgrimsliedere is die liedere wat die gelowiges van ouds gesing het wanneer hulle na Jerusalem gegaan het vir die jaarlikse feeste soos die Here hulle beveel het. In hierdie twee psalms word Israel gewys op die belangrikheid van Godvresendheid in die huis.

In Psalm 127 leer die Heilige Gees ons dat 'n huis wat God behaag die seën van God as fondament het. En in Psalm 128 leer Hy ons dat God se seën op die vrees van die Here

berus. Om dan 'n tema vir albei hierdie psalms te gee kan 'n mens sê: 'n Huis wat God behaag is 'n huis wat vrees vir die Here het.

Terwyl 'n mens dit sê, is ons ook daarvan bewus dat hier vanoggend ouers is wat seer-gemaak voel. Uit die optrede van hulle kinders merk hulle op dat hulle kinders so anders is as wat hulle hulle grootgemaak het. Sommige kinders het miskien geheel en al hulle rug op die Here gedraai en dit het vir julle as ouers al groot hartseer besorg.

Daarom wil ek graag die volgende somer aan die begin duidelik sê: Indien julle as ouers werklik skuldig is aan hoe die kinders optree, maak werk van daardie skuld, maar as julle valse skuld in julle rondra, raak ontslae daarvan. Indien ouers vanoggend besef dat hulle agtelosigheid en sondige optrede bygedra het tot hulle kinders se opstand teen God, dan is dit ware skuld. Die enigste manier om met hierdie skuld te werk te gaan, is om dit voor die Here te bely en die vergifnis wat Hy op grond van Christus se offer aan die kruis belowe, moet julle in die geloof met albei arms omhels. En as dit nodig is dat julle ook julle kinders se vergifnis moet vra, doen dit. Dit is tog die pad wat die Here ons leer om met ware skuld te handel. Dit is nie die maklikste pad nie, maar dit is die beste pad. Handel eerlik met ware skuld voor die Here en voor mense.

Terselfdertyd kan daar baie ouers wees met opstandige kinders en hulle word geteister deur valse skuld. Jy weet dat jy nie volmaak opgetree het teenoor jou kinders nie – niemand van ons is volmaak nie. Maar jy lewe regtig naby die Here en jy het voortdurend die wysheid van die Here gesoek in jou taak om jou kinders groot te maak. Maar ondanks jou opregtheid het jou kinders in opstand gekom teen die Here. Indien julle dan as ouers julle swakheid en sonde voor die Here bely het en deur die Gees verseker is van die vergifnis van die Here, kom die oorblywende skuldgevoelens nie van die Here af nie maar van die duiwel wat graag die kinders van God aankla. Indien julle kinders dan ondanks julle Godvresende opvoeding dwase besluite geneem het, is 'n mens hartseer daarvoor, maar julle as ouers is nie verantwoordelik vir hulle sondes nie. In hierdie geval hou die Here nie die ouers verantwoordelik vir die sondes van hulle kinders nie (Eseg 18:20).

Nou ja, kom ons keer terug na Psalm 127 om te hoor wat die Heilige Gees ons hier leer. Hierdie psalm val in twee dele uiteen. Die eerste deel bestaan uit die eerste twee verse waarin ons hoor dat 'n huisgesin wat die Here behaag 'n huisgesin is wat afhanklik is van die seën van die Here.

Voordat Salomo by die huisgesin in vers 3 uitkom, stel hy eers hierdie beginsel: Enigiets wat ons doen – of dit die bou van 'n huis is, of die beveiliging van die stad, of jou daaglikse beroep – is waardeloos as ons nie die Here se betrokkenheid daarin erken en afsmeek nie. Twee keer word daar gesê **as die HERE nie ...** en drie maal word dit beklemtoon **tevergeefs**. Die enigste moontlikheid om te kan slaag met enigiets wat ons doen, is wanneer die Here ons werk seën. Sonder sy seën is ons hardste werk tevergeefs.

Dit is nodig dat ons drie keer moet hoor dat ons werk sonder God se seën tevergeefs is, want ons mense is geneig om ons eie moeite en ons ywer as die eerste en belangrikste te beskou. Dit is eers wanneer ons self nie regkom nie dat ons die Here se hulp afsmeek. Ons wil graag die eer ontvang vir wat ons reggekry het en ons sal die Here dan net so terloops bedank. Dit is omdat mense nie hulle totale afhanklikheid van die Here besef nie dat hulle Hom ook nie behoorlik dank vir wat Hy gedoen het nie.

Dit wil sê, geliefdes, die heel belangrikste om 'n gelukkige en voorspoedige huisgesin te hê, is nie om die jongste tegnieke van kinderopvoeding onder die knie te hê nie maar om

in alle nederheid naby die Here te lewe omdat ons weet dat ons geheel en al afhanklik is van sy genade en seën.

Ons kan alles doen wat ons kan om 'n gelukkige huisgesin te vestig; ons kan ons kinders ywerig teen alle gevare beskerm, en ons kan so getrou as wat ons wil ons daaglikse werk doen om al die middele te bekostig wat 'n mens nodig het vir 'n voorspoedige huisgesin. As die Here se seën nie op ons huisgesinne en ons ywerige werk rus nie, is alles wat ons doen tevergeefs. 'n Huisgesin wat die Here behaag is 'n huisgesin wat hulle eie onvermoë erken en daaglik van die Here sy genadige seën met hartlike versugtinge afsmeek en Hom daarvoor dank. Gebed in die huisgesin is onontbeerlik vir 'n huisgesin wat God wil behaag met 'n Godvresende lewe. Indien ons ons totale afhanklikheid van die Here besef, sal ons onophoudelik vir ons kinders en vir onself bly bid.

Maar dit is nie al wat die Heilige Gees ons in hierdie eerste twee verse leer nie. Die huisgesin wat die seën van die Here soek, verstaan ook wat God se genade beteken. Om begrip van God se genade te kry, moet ons in besonder na vers 2 kyk. Die woorde in vers 2 herinner sterk aan Salomo se eie lewe. Die Here het aan Salomo 'n besondere naam gegee, naamlik *Jedidja* wat beteken *die Here het hom lief* (2 Sam 12:25).

Nadat Salomo tot koning gesalf is, het hy na Gibeon gegaan om aan die Here te gaan offer. In die nag het die Here in 'n droom aan Salomo verskyn en gesê dat Hy aan Salomo sal gee wat hy van Hom begeer. Salomo het toe vir wysheid by die Here gevra en saam met die wysheid het die Here ook nog rykdom en aansien aan Salomo gegee. Toe Salomo wakker word, het hy besef dat die Here in 'n droom aan hom verskyn het. Die Here het waarlik aan sy geliefde in sy slaap gegee wat hy nodig het. Salomo het nie verdien wat die Here hom gegee het nie. Hy het ook nie gewerk vir wat die Here vir hom gegee het nie. God het dit aan hom gegee omdat Hy die genadige God is. Genade is dus om iets van die Here te kry wat jy nie verdien nie en ook waarvoor jy nie gewerk het nie.

Christelike huisgesinne behoort met die genade van God deurtrek te wees. En 'n huisgesin wat deurtrek is met die genade van God hou rekening met die geregtigheid van God. Christen-ouers wat die genade van God verstaan, is ook nederige mense. Hulle weet dat hulle in werklikheid die regverdige oordeel van God verdien oor hulle sondige geaardheid en sondige woorde en dade. Maar ter wille van die offer van Jesus Christus betoon Hy genade aan hulle. En omdat ouers hierdie genade van die Here ontvang, is hulle ook bereid om hulle sondes teenoor mekaar en hulle kinders te bely en vergifnis by mekaar en by hulle kinders te vra.

Ouers wie se lewens deurtrek is van die genade van God kom ook nie briesend en al bulderend op hulle kinders af wanneer hulle kinders verkeerd gedoen het nie. In nederigheid kom staan die ouers langs hulle kinders en help hulle vanuit die Woord van die Here reg. Wanneer ouers die Here se genade begryp, kan hulle so nederig wees en dan kan daar opbouende kommunikasie plaasvind. Maar wanneer ouers trots is en nie hulle eie tekortkominge wil erken nie, veroorsaak hulle 'n blokkasie van gesonde gesprekke. 'n Mens kan kinders nie om die bos lei nie. Hulle kan agterkom as ouers nie opreg en eerlik optree nie en dit stoot kinders van hulle ouers af weg. En as ouers nie opreg is in hulle verhouding met die Here nie, kan dit ook die kinders van God af wegstoot. Dit is omdat ons God as die genadige God in en deur Jesus Christus leer ken het dat ons naby die Here wil wees al weet ons dat ons weens ons sondes nie naby Hom kan kom nie. Genade trek mense nader. Mag elke Christen-ouerpaar so deurtrek wees van die genade wat God aan hulle bewys dat hulle hulle kinders ook nader aan God kan trek.

Om afhanklik van die Here se genade te wees in die grootmaak van kinders en om 'n Godvresende huisgesin te vestig beteken nie dat 'n mens handjies gevou sit en wag dat die Here die werk doen nie. Salomo het nie aanbeveel dat die bouers en wagters en werkers niks meer moes doen sodat die Here die werk kon doen nie. Nee, wanneer 'n mens die seën van die Here se genade soek, bid 'n mens tot die Here daarvoor voordat jy met die werk begin. En terwyl jy besig is met die werk hou jy aan om die Here se seën en genade af te smee. Dit is immers Hy wat self vir Hom 'n huisgesin bou wat Hom behaag. Gehoorsame Christen-ouers is net die instrumente in die hand van die Here waarmee Hy bou.

Hier in vers 2 is daar nog een baie belangrike saak waarop die Heilige Gees ons aandag vestig:

Te vergeefs dat julle vroeg opstaan, laat opbly, brood van smarte eet.

(Psalm 127:2a AFR53)

Dit is te vergeefs om jouself in jou beroep oor te gee met die verskoning dat jy vir jou gesin moet sorg of dat jy jouself in jou beroep moet vestig sodat jy nog beter vir jou gesin kan sorg. So baie ouers – ook Christen-ouers – plaas hulle beroepe bo hulle kinders en gesinne. Maar het een van ons al gehoor van iemand wat op sy oudag sê: Ek wens ek het meer tyd in my werk deurgebring. Nee, dit is nie wat mense op hulle oudag sê nie. Hulle sê eerder: Ek wens ek het meer tyd saam met my kinders en gesin deurgebring toe hulle my nodig gehad het.

Ons moenie net sien hoe ons bouwerk aan 'n Godvresende gesin en God se genade in mekaar vervleg is nie. Ons moet ook die balans tussen ons daaglikse beroepswerk en God se genade raaksien. Wie sy lewe in hierdie wêreld wil behou deur hom heelyd te bekommer oor kos en klere en 'n huis, gaan sy lewe verloor. Dit is eers wanneer ons onder leiding van die Heilige Gees ons fokus op God se koninkryk en sy eer vestig dat ons die perspektief verkry om ons daaglikse tyd so te bestuur dat daar vir alles genoegsame tyd is. Dit is net met die wysheid van God dat ons 'n balans tussen werktyd en gesinstyd kan kry.

Noudat ons weet hoe afhanklik ons is van die seën van die Here se genade om as instrumente van Hom 'n Godvresende huisgesin te bou, gaan die Heilige Gees in die tweede deel voort om ons te wys op die regte uitkyk op ons kinders. Godvresende kinders is tog 'n wesenlike element van 'n Godvresende huisgesin.

So baie maal wanneer ouers oor hulle kinders praat, klink dit eerder asof die kinders 'n las as 'n seën is. Luister hoe word dit hier vir ons gesê:

Kyk, seuns is 'n erfdeel van die Here; die vrug van die moederskoot is 'n beloning. (Psalm 127:3 AFR53)

Ons moet ons kinders waardeer as waardevolle geskenke uit die hand van die Here, nog meer as wat ons 'n waardevolle geskenk van iemand belangriks ontvang. In ons woorde en optrede teenoor ons kinders moet hulle hoor dat ons hulle altyd as waardevolle geskenke uit die hand van die Here beskou. Ons doen dit nie om die kinders se selfbeeld op te bou nie. Ons doen dit sodat ons kinders kan beseef wie die Here is by wie ons hulle gekry het en dat hulle ook sal weet dat ons as ouers verantwoordig verskuldig is teenoor die Here oor ons optrede teenoor en opvoeding van hulle.

In aansluiting by wat die Heilige Gees ons in vers 2 geleer het sal kinders agterkom dat ons nie maar net sê hulle is waardevol nie. Hulle sal dit beleef wanneer ons regtig tyd

maak om saam met hulle deur te bring. Nie eers geld of aardse geskenke kan vergelyk word met die kwaliteit-tyd wat ons saam met ons kinders deurbring nie.

Maar wat doen 'n mens dan in daardie tyd wat ouers met hulle kinders deurbring? Salomo vergelyk kinders met die pyle van 'n boogskutter. In die dae van Salomo het 'n boogskutter nie pyle by 'n sportwinkel gekoop nie. Hy dit ook nie in die bos gaan optel nie. Stokke is nie van nature pyle nie. Die stok moet sorgvuldig bewerk en skerp gemaak word sodat dit 'n doeltreffende pyl kan wees.

Dit, ouers, beteken dat ons werk het om te doen in die tyd wat ons saam met ons kinders deurbring. Kinders kom allermens volmaak in hierdie wêreld in. Dit is ons verantwoordelikheid om hulle te onderrig en te leer wie die Here is wat sy Naam oor hulle uitgeroep het en wie gesê het dat Hy hulle God is. Kinders gaan nie reguit, skerp pyle wees wanneer ons net met hulle oor die aardse dinge praat of hulle maar los om deur onderwysers opgevoed te word nie. Omdat Christus ouers kinders van God gemaak het, het hulle die Heilige Gees ontvang om hulle kinders vanuit die Woord van die Here op te voed. Die Woord van God is die swaard – of in hierdie geval die mes – waarmee kinders tot reguit en skerp pyle gevorm kan word. Daarom is dit vir ons as Christen-ouers so belangrik om die Woord van die Here te ken en te bestudeer sodat ons aan die hand van die Heilige Gees ons kinders kan opvoed.

En natuurlik deug pyle nie veel as hulle maar net in 'n pylkoker bly nie. Pyle moet uiteindelik gemik en afgeskiet word. Wanneer die Heilige Gees ons leer dat kinders soos pyle is, verstaan ek dat kinders nie vir altyd by hulle ouers kan bly nie. Ouers moet ook nie hulle kinders in die huis wil vashou nie. In vertrouwe op die Here is die kinders soos pyle skerp gemaak om uiteindelik afgeskiet te word. Deur ouers se opvoeding is die kinders geleer dat hulle die draers van Christus se Naam gemaak is. Hulle is deur die Heilige Gees kinders van God gemaak om die boodskap van die verlossing deur Jesus Christus en die regverdige koningskap van Jesus Christus te gaan verkondig deur hulle woorde en dade waarheen die Here hulle ook al stuur. Dit is immers met sy gelowige kinders uit Godvresende huisgesinne wat die Here die glans van sy koninkryk in hierdie wêreld wil laat deurbreek. Almal moet immers weet dat God die enigste God is en dat Jesus die Here is. Niemand sal op die laaste dag onkundig wees oor wie God en wie Jesus is nie. Elke knie sal voor die Seun buig en elke tong sal bely dat Hy die Here is. En die Here wil ons en ons kinders gebruik sodat almal sal weet wie Hy en sy Seun is.

Geliefde ouers, die Heilige Gees onderrig ons met die volmaakte tegnieke om ons kinders op te voed en groot te maak. Die eerste kenmerk van 'n Godvresende huisgesin wat ons leer ken het, is dat 'n huisgesin voortdurend afhanklik bly van die Here wat ons met sy genade moet seën. Dit is alleen deur hierdie seën van die Here dat ouers ook die kenmerk van 'n Godvresende huisgesin – naamlik met Godvresende kinders – kan geniet. Mag die Here ons hierin deur sy Gees begelei. Laat ons almal aanhoudend vir die ouers in hierdie gemeente bid dat elke huisgesin 'n goed gevormde lewende steen sal wees in die geestelike huis van God sodat ons offers kan bring wat deur Jesus Christus vir God welgevallig is.

Amen!

Slotgebed

Psalm 127:3, 4 (p. 624)

3 Seuns is 'n erfdeel van die HEER; / die gawe van die moederskoot
is 'n beloning eind'loos groot. / Soos pyle wat die vyand keer,
so is die seuns 'n bron van vreug, / die seuns gebore^uit krag van jeug.

4 Gelukkig wie dit so mag gaan, / wat soos 'n held sy hand kan vul
met sulke pyle; dit is hul / wat nie verleë hoef te staan,
wanneer die vyand in die poort / vermetel spreek sy hoë woord.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;

Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;

Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Ds Coen Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
1 Februarie 2015